SLEGS VIR DIEREGEBRUIK

# Pegaquest®

Reg. Nr. G4162 Wet 36/1947

**DOSEERVORM**
Orale pasta

**SAMESTELLING**
Moksidektien 20 mg/mℓ (2 % *m/v*)
Prasikwantel 125 mg/mℓ (12,5 % *m/v*)

**INDIKASIES**
Breë-spektrum ontwurming vir perde.

**FARMAKOLOGIESE WERKING**
**PEGAQUEST**® bevat die aktiewe bestanddele moksidektien, wat ‘n tweedegenerasie makrosikliese laktoon is, sowel as prasikwantel. Prasikwantel is ‘n breëspektrum sestosied en is ‘n effektiewe behandeling van lintwurms in perde. Die pasta formulasie het ‘n piesanggeur, is smaaklik en effektief teen die belangrikste spesies van rondewurm en perdepapies. Dit word gebruik vir die behandeling en beheer van rondewurms (insluitend bloedvatlarwestadiums van *Strongylus vulgaris*), perdepapies, volwasse en laat-geënsisteerde klein strongiele, lintwurms en *Habronema* spp.
**PEGAQUEST**® is effektief teen die volgende parasiete:
Groot strongiele: *Strongylus edentatus* (volwasse en onvolwasse), *Strongylus vulgaris* (volwasse, onvolwasse en bloedvatlarwestadiums), *Strongylus equinus* en *Triodontophorus* spp.
Klein strongiele: insluitend *Cyathostomum* spp., *Cylicostephanus* spp., *Cylicocyclus* spp., *Cylicodontophorus* spp., *Gyalocephalus* spp. en die geënsisteerde stadiums van klein strongiele
Askariede: *Parascaris equorum* (volwasse en onvolwasse)
Sambokwurms: *Oxyuris equi* (volwasse en onvolwasse)
Haarwurms: *Trichostrongylus axei* (volwasse)
Draadwurms: *Strongyloides westeri* (volwasse)
Grootbekmaagwurms: *Habronema* spp. (gastriese en kutane [somersere] vorms) en *Draschia* spp.
Longwurms: *Dictyocaulus arnfieldi* (volwasse en onvolwasse)
Sestode: *Paranoplocephala* spp. en *Anoplocephala* spp.
Perdepapies: Onvolwasse *Gasterophilus intestinalis* en *Gasterophilus nasalis*
Kutane onkosersiase: *Onchocerca* spp. (mikrofilaria)

**WAARSKUWINGS**
- Moet nie diere behandel wat vir menslike verbruik bestem is nie.
- Moet nie die volle spuit aan perde onder 400 kg toedien nie.
- Uiters giftig vir akwatiese spesies. Moet nie damme, riviere, strome of ander waterweë met die produk of gebruikte houer besoedel nie
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Alhoewel hierdie produk breedvoerig getoets is onder ‘n wye verskeidenheid toestande, mag dit faal weens verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg ‘n veearts en stel die registrasiehouer in kennis.

**VOORSORGMAATREËLS**
- Bepaal die massa van die perd wat behandel gaan word akkuraat en maak seker dat die spuit gestel word vir die korrekte dosis vir die perd.
- Giftig vir mense indien dit ingesluk word.
- Was hande na gebruik.
- Sal die oë en vel irriteer.

**DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**
Gebruik slegs soos aangedui. Bepaal die massa van die perd wat behandel gaan word akkuraat. Draai die ring op die spuitstuk na die korrekte dosisstelling volgens die perd se massa. Wanneer **PEGAQUEST**® gebruik word soos aangedui, is dit veilig vir vullens ouer as 4 weke en in alle stoetdiere, insluitend hingste en dragtige merries. Die **PEGAQUEST**® spuit is gekalibreer in intervalle van 100 kg liggaamsmassa. Die inhoud van hierdie spuit sal ‘n perd van 600 kg behandel.
**Dosis: PEGAQUEST**® word oraal toegedien teen ‘n dosering van 0,4 mg/kg moksidektien en 2,5 mg prasikwantel per kg liggaamsmassa.

**TOEDIENING**
- Voor toediening, maak seker dat die perd nie kos in sy mond het nie.
- Die liggaamsmassa van die perd moet akkuraat bepaal word om korrekte dosering van die pasta te verseker.
- Posisioneer die spuit in die spasie tussen die voor- en agtertande en plaas die pasta agter op die tong.
- Lig onmiddellik na dosering die perd se kop vir ‘n paar sekondes op om te verseker dat die pasta ingesluk word.

**Parasietbeheerprogram:** Gereelde behandeling sal die risiko van siekte weens klein en groot strongiele, soos koliek en vermineuse arteritis, verminder.
Herinfeksie van perde met wurms is algemeen. Behandeling moet roetinegewys herhaal word om effektiewe beheer te verseker. Die langtermyn aktiwiteit van **PEGAQUEST**® teen wurms, insluitend geënsisteerde klein strongiele, is baie nuttig om die vereiste frekwensie van dosering in strategiese parasietbeheerprogramme te verminder. Herbehandelingsintervalle kan met veiligheid vir tot 13 weke verleng word. Konsulteer u veearts rakende die gepaste program vir u spesifieke behoeftes.

**AANBIEDING:** Gekalibreerde spuit met ‘n netto inhoud van 12,2 g, wat saam met ‘n voubiljet in ‘n buitenste karton verpak word.

**BERGINGSAANWYSINGS:** Bêre by of onder 25 ºC (kamertemperatuur) op ‘n koel, donker plek. Beskerm teen direkte sonlig.

**REGISTRASIEHOUER**
Cipla Vet (Edms) Bpk
Gebou 9, Parc du Cap,
Mispelstraat, Bellville, 7530
Tel: 021 943 4200
info@ciplavet.co.za
www.ciplavet.co.za

CM639A/SA

Cipla Vet

FOR ANIMAL USE ONLY

# *Pegaquest*®

Reg. No. G4162 Act 36/1947

**DOSAGE FORM**
Oral Paste

**COMPOSITION**
Moxidectin 20 mg/mℓ (2 % *m/v*),
Praziquantel 125 mg/mℓ (12,5 % *m/v*)

**INDICATIONS**
Broad spectrum dewormer for horses.

**PHARMACOLOGICAL ACTION**
**PEGAQUEST**® contains the active ingredients, moxidectin, a second generation macrocyclic lactone as well as praziquantel. Praziquantel is a broad spectrum cestocide and is an effective treatment against tapeworm in horses. The paste formulation is banana flavoured, palatable and effective against the most important roundworm species and bots in horses. It is used for the treatment and control of roundworms (including arterial larval stages of *Strongylus vulgaris*), bots, adult and late encysted small strongyles, tapeworms and *Habronema spp*.
**PEGAQUEST**® is effective against the following parasites:
Large strongyles: *Strongylus edentatus* (adults and immatures), *Strongylus vulgaris* (adults, immatures and arterial larval stages), *Strongylus equinus* and *Triodontophorus* spp.
Small strongyles: including *Cyathostomum* spp., *Cylicostephanus* spp., *Cylicocyclus* spp., *Cylicodontophorus* spp., *Gyalocephalus* spp. and the encysted stages of small strongyles
Ascarids: *Parascaris equorum* (adults and immatures)
Pinworms: *Oxyuris equi* (adults and immatures)
Hairworms: *Trichostrongylus axei* (adults)
Threadworms: *Strongyloides westeri* (adults)
Largemouthed stomach worms: *Habronema* spp. (gastric and cutaneous [summer sore] forms) and *Draschia* spp.
Lung worms: *Dictyocaulus arnfieldi* (adults and immatures)
Tapeworms: *Paranoplocephala* spp. and *Anoplocephala* spp.
Stomach bots: Immature *Gasterophilus intestinalis* and *Gasterophilus nasalis*
Cutaneous onchocerciasis: *Onchocerca* spp. (microfilaria)

**WARNINGS**
- Do not use on animals intended for human consumption.
- Do not administer the full syringe to horses weighing less than 400 kg.
- Extremely toxic to aquatic species. Do not contaminate dams, rivers, streams or other waterways with the product or used container.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- Although this product has been extensively tested under a large variety of conditions, failure thereof may ensue as a result of a wide range of reasons. If this is suspected, seek veterinary advice and notify the registration holder.

**PRECAUTIONS**
- Accurately determine the mass of the horse to be treated and adjust the syringe to the correct dose for the horse.
- Poisonous to humans if swallowed.
- Wash hands after use.
- Will irritate eyes and skin.

**DOSAGE AND DIRECTIONS FOR USE**
Use only as directed. Accurately determine the mass of the horse to be treated. Turn the ring on the plunger to the correct dosage setting in accordance with the horse's weight. When used as directed **PEGAQUEST**® is safe for use in foals over 4 weeks of age and in all breeding stock, including stallions and pregnant mares. The **PEGAQUEST**® syringe is graduated in intervals of 100 kg body mass. The contents of this syringe will treat a horse of 600 kg.
**Dosage: PEGAQUEST**® is orally administered at a dose rate of 0,4 mg/kg moxidectin and 2,5 mg praziquantel per kg body mass.

**ADMINISTRATION**
- Ensure that the horse's mouth is free of food before administration.
- The body mass of the horse should be determined accurately to facilitate correct dosing of the paste.
- Insert the syringe into the side of the horse's mouth in the gap between the front and back teeth and deliver the paste onto the back of the tongue.
- Raise the horse's head for a few seconds immediately after dosing to ensure that the full dose has been swallowed.

**Parasite control programme:** Regular treatment will reduce the risk of disease due to small and large strongyles such as colic and verminous arteritis. Reinfection of horses with worms is common. Treatment must be routinely repeated to ensure effective control. The long-term activity of **PEGAQUEST**® against worms, including encysted small strongyles, is very useful in reducing the required dosing frequency in strategic parasite control programmes. Retreatment intervals can be safely extended up to 13 weeks. Consult your veterinarian for advice on the appropriate programme to meet your specific needs.

**PRESENTATION:** Calibrated syringe containing 12,2 g nett content enclosed in a unit carton together with a package insert.

**STORAGE INSTRUCTIONS:** Store at or below 25 ºC (room temperature) in a cool, dark place. Protect from direct sunlight.

**REGISTRATION HOLDER**
Cipla Vet (Pty) Ltd
Building 9, Parc du Cap,
Mispel Street, Bellville, 7530
Tel: 021 943 4200
info@ciplavet.co.za
www.ciplavet.co.za

Cipla Vet

CM639A/SA